

26 November 2023
Aanlyn Erediens

Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.

Skriflesing : Efesiërs 1: 15-23

Tema : Geestes oë ; Om verhelder te word! Wat is dit regtig?

BROODJIES VIR DIE PAD

“When I know your soul, I will paint your eyes”

— Amedeo Modigliani

Artists have long been drawn to the eyes. And for good reason. Eyes are often associated with focus, truth, clarity, light, vision, prophecy, awareness, and observation — and so are a perfect symbol for artists striving to evoke imagery that surfaces these concepts to the conscious mind. -Eric Craypo-

“I never liked jazz music because jazz music doesn't resolve. But I was outside the Bagdad Theater in Portland one night when I saw a man playing the saxophone. I stood there for fifteen minutes, and he never opened his eyes.

After that I liked jazz music.

Sometimes you have to watch somebody love something before you can love it yourself. It is as if they are showing you the way.

I used to not like God because God didn't resolve. But that was before any of this happened.”

— Donald Miller, *Blue Like Jazz: Nonreligious Thoughts on Christian Spirituality*

“With a truly tragic delusion,” Carl Jung noted, “these theologians fail to see that it is not a matter of proving the existence of the light, but of blind people who do not know that their eyes could see. It is high time we realized that it is pointless to praise the light and preach it if nobody can see it. It is much more needful to teach people the art of seeing.”

— Carl Jung

“When our eyes are graced with wonder, the world reveals its wonders to us. There are people who see only dullness in the world and that is because their eyes have already been dulled. So much depends on how we look at things. The quality of our looking determines what we come to see.”

— John O'Donohue, *Beauty: The Invisible Embrace*

“those of us who wish to draw near to God should not be surprised when our vision goes cloudy, for this is a sign that we are approaching the opaque splendor of God. If we decide to keep going beyond the point where our eyes or minds are any help to us, we may finally arrive at the pinnacle of the spiritual journey toward God, which exists in complete and dazzling darkness.”

— Barbara Brown Taylor, *Learning to Walk in the Dark: Because Sometimes God Shows Up at Night*

Spiritual formation in a Christian tradition answers a specific human question: 'What kind of person am I going to be?' It is the process of establishing the character of Christ in the person. That's all it is.- Dallas Willard-

“If you tell me Christian commitment is a kind of thing that has happened to you once and for all like some kind of spiritual plastic surgery, I say go to, go to, you're either pulling the wool over your own eyes or trying to pull it over mine. Every morning you should wake up in your bed and ask yourself: "Can I believe it all again today?" No, better still, don't ask it till after you've read *The New York Times*, till after you've studied that daily record of the world's brokenness and corruption, which should always stand side by side with your Bible. Then ask yourself if you can believe in the Gospel of Jesus Christ again for that particular day. If your answer's always Yes, then you probably don't know what believing means. At least five times out of ten the answer should be No because the No is as important as the Yes, maybe more so. The No is what proves you're human in case you should ever doubt it. And then if some morning the answer happens to be really Yes, it should be a Yes that's choked with confession and tears and. . . great laughter.”

— Frederick Buechner

My choices, including those related to the day-to-day aspects of life, like the use of a modest car, are related to a spiritual discernment that responds to a need that arises from looking at things, at people and from reading the signs of the times. Discernment in the Lord guides me in my way of governing.-Pope Francis-

People are like stained - glass windows. They sparkle and shine when the sun is out, but when the darkness sets in, their true beauty is revealed only if there is a

light from within. Copyright: Elisabeth Kubler-Ross Family Limited Partnership.

Your vision will become clear only when you can look into your own heart. Who looks outside, dreams; who looks inside, awakes.-Carl Jung-

Christina Landman: Dink in dié tyd aan vigs en alle soorte geweld Netwerk24

“Watse dag is dit?”

“Dit is vandag.”

“O, dis my gunstelingdag!”

Só lui ’n bekende strokiesprentjie.

Dis amper Kersfees. Maar dit is ook die tyd van die jaar wanneer ons van ’n paar datums wil vergeet.

Een van hulle is 1 Desember. Dit is Wêreldvigsdag.

Eintlik, tydens en ná Covid-19, is dit asof ons heeltemal van MIV en vigs vergeet het.

Nou die dag sit ’n paar van ons in ’n zozo. Dit is ’n sinkplaathuisie. Ons hou ’n vrou se hand vas wat besig is om vreeslik aan vigs te sterf. Twee van die gemeentevroue was haar liggaam sorgsaam. Dis vol sere. Nog een voer haar. Haar keel is ook vol sere. Ons sien die doodsangs in haar oë.

Ag, as sy maar net betyds gepraat het, sê ons vir mekaar. As sy nie te skaam was om in die ry te staan vir antiretrovirale middels nie. As sy maar net nie te bang was die kerk gaan haar veroordeel nie. As sy maar net geweet het daar is geen hel erger as die een waarin sy nou is nie. As die kerk maar net vir haar ’n gaping gegee het om te kan kom praat.

En so sit ons en dink wat die kerk kan doen om mense weer aan vigs te laat dink.

Ons herinner onself aan die vorige Sondag in die kerk. Die dominee noem toe vigs as een van die swaarkrye van ons tyd. Toe sê iemand daar van agter uit die kerk: “Agge nee, vigs maak mos nie meer mense dood nie!” En dit terwyl mense wat met MIV leef, nog elke jaar in getalle groei. En 20% van alle nuwe gevalle wêreldwyd kom in Suid-Afrika voor. En 20% van alle mense wêreldwyd wat met MIV saamleef, woon in Suid-Afrika.

En so sit ons en dink wat die kerk kan doen om mense weer aan vigs te laat dink. Ons kan mekaar herinner dat dit nog bestaan. En dat ons dit nie vir mekaar hoef weg te steek nie. Ons stem toe saam dat dit Covid-19 is wat ons ’n bietjie van MIV en vigs laat vergeet het. Tog wys statistieke van die Verenigde Nasies se program vir MIV dat dié infeksies die hoogste ingeskiet het in 2021, toe die pandemie ’n piek bereik het.

So, dis tyd om weer te onthou. 1 Desember 2023. Dis volgende week. Ons kan Wêreldvigsdag ’n feesdag maak vol hoop vir die 8 miljoen mense in Suid-Afrika wat met MIV saamleef. ’n Dag veral vir die kerk om mense te herinner: Ons is almal broos. Pas mekaar op. Moenie so die vinger na mekaar wys, dat iemand dalk te bang is om vir hulp te vra vir ’n MIV-infeksie nie. Gee om vir ander en jou eie gesondheid.

Daar is nog datums om te onthou hierdie tyd van die jaar. Van 25 November tot 10 Desember is daar 16 dae van aktivisme teen geweld teen vroue en kinders. En party mense is vies daarvoor omdat hulle nie toegelaat word om daarvan te vergeet nie.

Die kerk moet mense in hierdie tyd herinner dat geweld iets is wat mans aan vroue en kinders doen. Daar is baie geweld in ons tyd – groot oorlog in Oekraïne en Rusland, tussen Israel en Hamas. Daar is groot geweld in plaaslike korrupsie. Ons kan nie geweld oplos met meer geweld nie. Ons kan ook nie wegkyk van geweld met slap handjies nie.

Die kerk kan in hierdie 16 dae werk aan “sagte mag”. Nie ’n harde mag wat veroordeel nie. Maar ’n sagte mag wat ernstig saamwerk om al twee kante se pyn te verstaan en te verlig.

• *Landman is ’n professor in teologie verbonde aan Unisa. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

BROOD VIR DIE PAD

Geen postmodernis, maar bepleit minder ortodoksie deur Prof Anton van Niekerk Stellenbosch

Dit spyt my dat die “klip in die bos” wat ek op 7 November in my Standpunt-rubriek gelanseer het, blykbaar prof. Johan Janse van Rensburg “seergemaak” het. Terwyl ons dan nou idiomaties probeer praat, kan ek slegs antwoord dat die waarheid wel ’n manier het om seer te maak. Een manier om daardie seerkry te verlig, is om dit te vermy om gespreksgenote woorde in die mond te lê. Ek het in geen stadium naastenby beweer dat ek dit bepleit – of selfs net voorstel – dat elke individu die Bybel kan interpreteer soos hy/sy wil nie. (Die beskuldiging dat ek ’n “postmodernis” is, is daarby doodgewoon lagwekkend). Natuurlik het elke betekenisvolle teks (soos die Bybel) ’n tradisieproses waarmee verstandige Bybellesers deeglik rekening moet hou. Dit leer goeie hermeneutiek ons.

Die teenvraag aan Janse van Rensburg is: Bepleit u werklik in hierdie dag en datum die idee dat die “ware” Christelike kerk één onfeilbare lesing van die Bybel het en dat kerkvergaderings veral geroepe is om daardie één interpretasie ten alle koste te beskerm en op lidmate af te dwing? My eenvoudige punt was bloot dat, as ons eerlik na die geskiedenis van Bybel-interpretasie kyk, dan sien ons ’n magdom van interpretasietradisies wat nie minder nie maar eerder meer word. Hoe meer verbete ons soek na ortodoksie – dit is dogma-ooreenstemming – hoe meer kerke en interpretasies spring soos paddastoele voor ons op.

Natuurlik bepleit ek nie die einde van die geïnstitueerde kerk wat vergader om ’n minimum belydenis nie. My punt in die rubriek is bloot dat daardie minimum konsensus al hoe kleiner word. Dekades gelede reeds was die enigste konsensusformulering waaroor lidkerke van die Wêreldraad van Kerke kon ooreenstem, die eenvoudige belydenis: “Jesus is die Here” – niks meer nie!

My pleidooi is dat ons vir onself minder sorg moet maak met die ewige soeke na ortodoksie en die verskeurdheid van die kerk wat daarmee saamgroeï. My voorstel is eenvoudig: Kom ons soek eerder na ortopraksie. Daarmee bedoel ek die strewe om saam te stem oor en saam te arbeï in die uitvoering van die liefde; om eerder te vra: Wat kan ons as Christene saam met mekaar doen om die wêreld ’n beter plek te maak eerder as ’n (waarskynlik vrugtelose) benepenheid met dit waaroor ons intellektueel moet saamstem? Wanneer ortodoksie op dié manier al hoe meer vervang word deur ortopraksie, dien ons die eenheid van die kerk veel beter as wanneer nog ’n groepie lidmate wat “die waarheid gesien” het, hul heil nog eens op hul eie gaan soek, soos soveel keer in die verlede – en soos wat tans opnuut dreig in die NG Kerk.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877